



GENESING VAN DIE NASIE

SKRIFTE ALLEENLIK

Skrifte geneem vanuit die “Genesing van die Nasie” Gebeds Boek

Geskruif deur Linda Gobodo

Dag 1

Hoop: Hosea 2:14

14 Ek sal daar haar wingerende aan haar teruggee. Dan sal die Akorvlakte verander in 'n deur van hoop. Daar sal sy weer Myne word soos lank gelede toe sy nog jonk was en Ek haar uit slawerny in Egipte bevry het.

Genesing: Maleagi 4:2

2 Maar vir julle wat my Naam vrees, sal die son van geregtigheid opgaan, en daar sal genesing onder sy vleuels wees; en julle sal uittrek en huppel soos kalwers uit die stal.

Restorasie: Esegel 36: 25 – 28

25 “Dan was Ek julle met skoon water, en julle sal skoon wees. Ek maak julle skoon van julle vuilheid en julle afgode. 26 Ek gee julle 'n nuwe hart met die regte begeertes en 'n nuwe gees. Ek vat die ou hart van sonde weg en gee julle 'n nuwe, gehoorsame hart. 27 En Ek gee my Gees in julle sodat julle my voorskrifte sal gehoorsaam en doen wat Ek beveel. 28 Julle sal in die land bly wat Ek aan julle voorouers gegee het. Julle sal my volk wees, en Ek sal julle God wees.”

Dag 2

Hoop: Psalm 126: 1 – 3

1 Toe die Here die lot van Sion verander het, was dit vir ons soos 'n droom. 2 Ons het gelag en gesing. Onder die nasies het hulle gesê: “die Here het groot dinge aan hierdie mense gedoen.” 3 Die Here het groot dinge aan ons gedoen; ons is bly.

Genesing: Lukas 10: 8 – 9

8 “As 'n dorp julle verwelkom, eet wat ook al aan julle voorgesit word. 9 Genees die siekes wat daar woon, en sê vir hulle: Die koningheerskappy van God is nou naby julle.”

Restorasie: Job 22: 27 – 30

27 “Jy sal tot Hom bid, en Hy sal jou hoor. Jy sal doen wat jy Hom belowe het. 28 Wat jy besluit om te doen, sal gebeur. Dit sal lig wees op die pad voor jou. 29 As iemand val en jy vra dat God hulle optel, sal Hy hulle red. 30 Hy sal selfs sondaars red, hulle sal verlos word omdat jy onskuldig is.”

Dag 3

Hoop: Klaagliedere 3:26

26 Dit is goed om in stilheid te hoop op die hulp van die Here.

Genesing: Jeremia 32: 27

27 Ek is die Here die God van al die mense. Is iets vir My onmoontlik?

Restorasie: Rut 4:15

15 En mag hy vir jou vreugde bring en jou op jou oudag versorg. Jou skoondogter wat jou liefhet en wat vir jou meer werd is as sewe seuns, het hom in die wereld gebring.

Dag 4

Hoop: Romeine 12:12

12 Verbly julle in die hoop; staan vas in verdrukking; volhard in gebed.

Genesing: Jeremia 17:14

14 Maak my gesond, Here, dan sal ek gesond word; verlos my, dan sal ek verlos word; want U is my lof

Restorasie: Johannes 14:13 – 14

13 “Wat julle ook al sou vra in my Naam, dit sal Ek doen sodat die Vader deur die optrede van die Seun verheerlik word. 14 As julle My enigiets in my Naam vra, sal Ek dit beslis doen.”

Dag 5

Hoop: Romeine 15:13

13 Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees.

Genesing: Jakobus 5: 16

16 Daarom moet julle julle sondes teenoor mekaar bely en vir mekaar bid sodat julle gesond kan word. Die gebed van iemand wie se saak met God reg is, het 'n kragtige werking.

Restorasie: Jeremia 33:9

9 Die stad sal vir My baie blydskap, roem en eer voor al die nasies van die wereld bring. Hierdie nasies sal van vrees bewe as hulle al die goeie dinge sien wat Ek vir my mense doen.

Dag 6

Hoop: Jeremia 29:11

11 Want Ek weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die Here, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee.

Genesing: 1 Petrus 2:24

24 Hy het self ons sondes in sy liggaam aan die kruis gedra. So is ons vry van die sonde. Nou kan ons lewe omdat God ons verhouding met Hom herstel het. Deur die wonde is julle genees!

Restorasie: Jesaja 41:10

10 Moenie nie bang wees nie, Ek is by jou. Moenie bekommerd wees nie, Ek is jou God. Ek versterk jou, Ek help jou, Ek hou jou vas, met My eie hand red Ek jou.

Dag 7

Hoop: 1 Tessalonisense 2:19

19 Immers, as ons met Jesus ons Here se terugkeer voor Hom moet staan, wie sal ons vooruitsig of blydskap of erekrans wees, as dit nie julle is nie?

Genesing: Jesaja 53:5

5 Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.

Restorasie: Jeremia 31: 18 – 19

18 "Ek het Israel hoor kla: U het ons swaar gestraf, maar ons het dit verdien. Ons was soos wilde kalwers wat nog moes leer. Bring ons terug en herstel ons, want U is die Here ons God. 19 Ons het afgedwaal, maar ons is spyt daarvoor. Ons kon onself skop dat ons so dom was. Nou is ons skaam en verleë oor wat ons in ons jong dae gedoen het."

Dag 8

Hoop: Deuteronomium 31:6

⁶ “Wees sterk en hou moed! Moenie vir hulle bang wees nie! Die Here julle God sal met julle wees. Hy sal julle nie in die steek laat nie en julle nie verlaat nie.”

Genesing: Matteus 8: 1 – 4

¹ Toe Jesus van die berg af kom, het ‘n groot skare Hom gevolg. ² Daar kom toe onverwags ‘n man met ‘n ernstige velsiekte nader en val voor Jesus neer met die woorde: “Here, as U wil, kan U my gesond maak.” ³ Daarop steek Jesus sy hand na hom toe uit, raak hom aan en sê: “Ek wil dit vir jou doen. Word gesond!” En dadelik het sy velsiekte verdwyn. ⁴ Jesus sê toe vir hom: “Sorg dat jy vir niemand vertel nie. Maar gaan wys vir die priester dat jy gesond is, en bring die offer wat Moses voorgeskryf het. So sal jy vir almal duidelik bevestig dat jy gesond geword het.”

Restorasie: Deuteronomium 30: 3 – 5

³ dan sal die Here jou God jou lot verander en Hom oor jou ontferm; en Hy sal jou weer versamel uit al die volke waarheen die Here jou God jou verstrooi het. ⁴ Al was jou verstrooides aan die einde van die hemel, daarvandaan sal die Here jou God jou versamel, en daarvandaan sal Hy jou gaan haal. ⁵ En die Here jou God sal jou bring in die land wat jou vaders in besit geneem het, en jy sal dit in besit neem; en Hy sal aan jou goed doen en jou vermenigvuldig meer as jou vaders.

Dag 9

Hoop: Jesaja 40:31

³¹ Maar die wat hulle hoop op die Here stel, sal hulle krag terugkry. Hulle vlieg hoog, soos arende. Hulle sal hardloop en nie moeg word nie. Hulle sal loop en nooit vermoeid word nie.

Genesing: Psalm 103: 2 – 4

² Loof die Here, o my siel, en vergeet geeneen van sy weldade nie! ³ Wat al jou ongeregtigheid vergewe, wat al jou krankhede genees, ⁴ wat jou lewe verlos van die verderf, wat jou kroon met goedertierenheid en barmhartighede,

Restorasie: Johannes 10:10

¹⁰ Die dief kom vir niks anders nie as om te steel, dood te maak en te vernietig. Ek het gekom sodat hulle lewe kan hê, ja, sodat hulle dit oorvloedig het.

Dag 10

Hoop: 1 Korinthiërs 13: 6 – 7

⁶ Dit verbly hom nie oor onreg nie, maar verheug hom oor die waarheid. ⁷ Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles.

Genesing: Jakobus 5:14

¹⁴ As daar iemand van julle is wat siek is, moet hy die ouderlinge van die gemeente laat kom, en hulle moet vir hom bid en hom met olie salf onder aanroeping van die Naam van die Here.

Restorasie: Jeremia 32: 14 – 15

¹⁴ Die Here, die Almagtige, die God van Israel sê: 'Neem sowel die verseelde as die oop koopkontrak en sit dit in 'n kleipot sodat dit vir 'n lang tyd behoue kan bly. ¹⁵ Want, sê die Here, die Almagtige, die God van Israel, eendag sal mense weer huise, grond en wingerde in hierdie land koop.

Dag 11

Hoop: Psalm 39:8

⁸ Here, waarop kan ek dan hoop? U is my enigste hoop.

Genesing: Matteus 9: 4 – 8

⁴ Maar Jesus het hulle gedagtes geken en vra toe: "Waarom dink julle sulke slegte dinge in julle harte? ⁵ Want wat is makliker – om te sê: 'Jou sondes word vergewe,' of: 'Staan op en loop'? ⁶ Ek gaan nou vir hulle bewys dat Ek, die Seun van die Mens, die gesag het om op aarde sondes te vergewe." Daarna sê Hy vir die verlamde man: "Staan op, vat jou slaapmat en gaan huis toe." ⁷ Hy het opgestaan en huis toe gegaan. ⁸ Toe die skare dit sien, het 'n eerbiedige vrees oor hulle gekom en hulle het God geprys omdat Hy aan 'n mens soveel gesag gegee het.

Restorasie: Psalms 71: 20 – 21

²⁰ U het diep nood oor my laat kom, maar U herstel my weer tot lewe. Uit die diepwaters van die aarde, uit die doderyk, rig U my weer op. ²¹ U sal my in eer herstel en weereens my vertrooster wees.

Dag 12

Hoop: Markus 9: 22 – 24

²² “Die gees het hom al baie keer probeer doodmaak deur hom in die vuur of in die water te laat val. Kry ons tog jammer en help ons as U kan!” ²³ “As Ek kan, sê jy,” het Jesus hom geantwoord. “As ‘n mens glo, is alles moonlik!”

Genesing: 3 Johannes 1:2

² Geliefde vriend, ek hou aan bid dat dit in alle opsigte met jou goed mag gaan en dat jy net so gesond sal wees soos dit geestelik goed met jou gaan.

Restorasie: Jeremia 30: 1 – 3

¹ Die Here het nog ‘n boodskap vir Jeremia gegee. Hy het geê: ² “Die Here, die God van Israel, sê: Alles wat Ek vir jou sê, moet jy in ‘n boek neerskryf. ³ Die tyd kom dat Ek die omstandighede van my volk Israel en Juda sal verander. Ek sal hulle laat terugkom na hierdie land wat Ek vir hulle voorouers gegee het sodat hulle dit weer in besit kan neem. Ek, die Here, sê dit!”

Dag 13

Hoop: Spreuke 10:24

²⁴ Wat die goddelose vrees, kom hom oor, wat die regverdige begeer, gee God hom

Genesing: Psalm 73:26

²⁶ Al is ek afgetakel na liggaam en gees, God is my sterkte, aan Hom behoort ek vir altyd

Restorasie: Filippense 4:19

¹⁹ En my God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien volgens sy wonderbaarlike rykdom in Christus Jesus

Dag 14

Hoop: Spreuke 23:18

¹⁸ Jy sal altyd ‘n toekoms hê. Jou hoop sal nooit beskaam word nie.

Genesing: Psalm 147:3

³ Hy genees die wat gebroke is van hart, en Hy verbind hulle wonde.

Restorasie: Joël 2: 25 – 26

²⁵ Ek sal julle vergoed vir die tyd van sprinkaanswerm op sprinkaanswerm toe my groot leër wat Ek teen julle gestuur het, julle verteer het. ²⁶ Julle sal oorgenoeg hê om te eet, julle sal die Naam van die Here julle God prys, Hy wat wonders vir julle gedoen het. My volk sal nooit weer in die skande kom nie.

Dag 15

Hoop: Romeine 8:24 – 25

²⁴ Ons is immers gered, en ons het nou hierdie hoop. Wat 'n mens al sien, hoop jy tog nie meer nie. Wie hoop nog op wat hy reeds sien? ²⁵ Maar as ons hoop op wat ons nie sien nie, wag ons daarop met volharding.

Genesing: Matteus 10:1

¹ En Hy het sy twaalf dissipels na Hom geroep en aan hulle mag gegee oor onreine geeste, om hulle uit te dryf en om elke siekte en elke kwaal te genees.

Restorasie: Psalm 51:14

¹⁴ Gee my tog weer die vreugde van U redding en maak my gewillig om U te gehoorsaam.

Dag 16

Hoop: Jeremia 17:7

⁷ Dit gaan goed met die mens wat sy vertrou in die Here stel, die mens vir wie die Here 'n veilige vesting is;

Genesing: Spreuke 17: 22

²² 'n Vrolike mens is 'n gesonde mens, 'n neerslagtige mens raak uitgeput.

Restorasie: Sagaria 1:17

¹⁷ "Roep weer en sê: So sê die Here die Almagtige: My stede sal weer oorstroom word deur voorspoed. Ek, die Here, gaan weer genade betoon aan Sion, Ek gaan Jerusalem weer my woonplek maak."

Dag 17

Hoop: Spreuke 10:28

28 Die regverdiges kan vreugde verwag, maar goddeloses het geen hoop nie.

Genesing: Matteus 10:8

8 Maak siekes gesond, reinig melaatses, wek dooies op, dryf duiwels uit. Julle het dit verniet ontvang, verniet moet julle dit gee.

Restorasie: Handeling 3:19 – 21

19 Kom tot inkeer en maak reg met God sodat Hy julle sondes sal uitwis. 20 Dan sal die teenwoordigheid van die Here tye van oplewing tot gevolg hê en Hy sal Jesus julle Messias weer na julle toe stuur. 21 Hy moet in die hemel bly totdat die tyd aangebreek het wanneer God alles nuut maak, soos God dit lank gelede deur sy heilige profete belowe het.

Dag 18

Hoop: Psalm 71:14

14 Maar ek sal aanhou hoop, U meer en meer prys.

Genesing: Deuteronomium 7:15

15 Die Here sal jou bewaar van alle siektes. Hy sal sorg dat die verskriklike siektes wat jy in Egipte geken het jou nie tref nie. Hy sal die siektes eerder op jou vyande laat neerkom!

Restorasie: Job 42:10

10 Nadat Job vir sy vriende gebid het, het die Here die omstandighede van Job verander en hom twee keer soveel gegee as wat hy gehad het.

Dag 19

Hoop: Spreuke 13:12

12 'n Verwachting wat nie uitkom nie, maak 'n mens mismoedig; 'n begeerte wat vervul word, bring nuwe lewe.

Genesing: Jeremia 30:17

17 Ek sal jou gesond maak, jou wonde genees, sê die Here, selfs al noem hulle jou: Die stad wat verstoot is, Sion vir wie niemand omgee nie.

Restorasie: 1 Johannes 5:4

4 want elkeen wat God as Vader het, oorwin die werêld. Die oorwinning wat die werêld verower het, is ons geloof.

Dag 20

Hoop: Hebreërs 11: 1

1 Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.

Genesing: Handeling 4:30

30 "Laat U hand genesing bring, en laat daar tekens en wonders plaasvind deur die Naam van U heilige Dienaar, Jesus"

Restorasie: Markus 11: 24

24 Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit al ontvang het, en dit sal vir julle so wees.

Dag 21

Hoop: 1 Petrus 3: 15

15 Maar heilig die Here God in julle harte en wees altyd bereid om verantwoording te doen aan elkeen wat van julle rekenskap eis omtrent die hoop wat in julle is, met sagmoedigheid en vrees.

Genesing: Jeremia 33:6

6 "Maar neem kennis, die tyd sal aanbreek dat Ek die stad weer sal herstel en gesond maak. Ek sal haar voorspoedig en standvastig maak.

Restorasie: Openbaring 21: 1 -5

1 En ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het verbygegaan: en die see was daar nie meer nie. 2 En ek, Johannes het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid vir haar man versier is. 3 En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees: en God self sal by hulle wees as hulle God. 4 En God sal al die tranes van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer

wees nie, ook droefheid en geweene en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan. ⁵ En Hy wat op die troon sit, het gesê: Kyk, Ek maak alles nuut. En Hy het aan my gesê: Skryf, want hierdie woorde is waaragtig en betroubaar.

Dag 22

Hoop: Hebreërs 11: 10 – 11

¹⁰ want hy het uitgesien na die stad wat vaste fundamente het en waarvan God self die ontwerper en bouer is. ¹¹ Omdat Abraham geglo het, het hy, hoewel Sara onvrugbaar was en hy al te oud, krag ontvang om 'n kind te verwek, omdat hy God wat dit beloof het, getrou geag het.

Genesing: Spreuke 4: 20 – 22

²⁰ My seun, hoor wat ek vir jou sê, luister goed na my woorde! ²¹ moet dit nie vergeet nie, hou dit altyd in gedagte, ²² want dit beteken lewe vir die wat daarna luister. 'n volle lewe vir hom wat dit besit.

Restorasie: 1 Petrus 5:10

¹⁰ In sy genade het God julle geroep om in Christus deel te hê aan se ewige heerlikheid. Nadat julle 'n kort tydjie swaargekry het sal Hy julle self weer herstel: Hy sal julle moedig, sterk en standvastig maak.

Dag 23

Hoop: Job 14: 7 – 9

⁷ Selfs 'n boom het hoop. As dit afgekap is, sal dit weer groei en nuwe takke uitspruit. ⁸ Al was sy wortels al oud op die grond en die stam dood in die stof, ⁹ met die geur van water kan dit weer bloei en lote laat uitspruit soos 'n jong boom.

Genesing: Filippense 4:6 – 7

⁶ Moet oor niks bekommerd wees nie, maar bid oor alles. Vra alles wat julle nodig het van God, terwyl julle Hom ook dank vir alles wat Hy doen. ⁷ En God se vrede, wat meer is as wat 'n mens dink, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou omdat julle aan Christus Jesus verbonde is.

Restorasie: Sagaria: 9:12

¹² Keer terug na die vesting toe, gevangenes vol hoop! Ek belowe dat Ek julle dubbel sal vergoed vir al julle swaarkry.

Dag 24

Hoop: Psalms 71: 5 – 6

⁵ Want U is my verwagting, Here Here, my vertrouwe van my jeug af. ⁶ Op U is ek gesteun van die geboorte af, van die moederskoot af is U my bevryder, oor U is my lof altyddeur.

Genesing: Jesaja 58:8

⁸ As jy dit doen, sal die lig vir jou deurbreek soos die nuwe dag. Jou wonde sal spoedig genees. Hy wat jou red, sal voor jou uitgaan, die heerlikheid van die Here sal jou van agter beskerm

Restorasie: Jesaja 42: 1 – 4

¹ Daar is my Kneg wat Ek ondersteun, my Uitverkorene in wie my siel 'n welbehae het. Ek het my Gees op Hom gelê: Hy sal die reg na nasies uitbring. ² Hy sal nie skreeu of uitroep of sy stem op die straat laat hoor nie. ³ Die geknakte riet sal Hy nie verbreek en die dowwe lamppit nie uitblus nie: met getrouheid sal Hy die reg uitbring. ⁴ Hy sal nie dof brand of geknak word, totdat Hy die reg op aarde gegrond het nie en die eilande wag op sy leer.

Dag 25

Hoop: Psalms 43:5

⁵ Wat buig jy jou neer, o my siel, en wat is jy onrustig in my? Hoop op God, want ek sal Hom nog loof – die verlossing van my aangesig en my God!

Genesing: Hosea 6:1

¹ “Kom ons gaan terug na die Here, want Hy het ons verskeur maar sal ons weer gesond maak, Hy het ons geslaan maar sal weer ons wonde verbind.

Restorasie: 2 Samuel 9: 7 – 9

⁷ Dawid sê vir hom: “Moenie bekommerd wees nie, want ek het besluit om jou onder my sorg te neem ter wille van Jonatan jou pa. Ek gaan al die grond van jou oupa Saul aan jou teruggee, en boonop sal jy van nou af by my aan huis eet.” ⁸ Hy het weer voor Dawid gebuig en gesê: “Wat is ek tog dat u aandag gee aan 'n dooie hond soos ek?” ⁹ Dawid het vir Siba die amptenaar van Saul geroep en hom beveel: “Alles wat aan Saul en sy familie behoort het, gee ek aan sy kleinseun.

Dag 26

Hoop: Jesaja 54:17

¹⁷ “Maar geen wapen wat teen jou gemik word, sal iets teen jou kan uitrig nie. Elke aanklag teen jou sal jy weerlê. Dit is die erflating van die dienaars van die Here. Aan hulle laat Ek reg geskied,” verklaar die Here.

Genesing: Openbaring 22:2

² Tussen die hoofstraat van die stad aan die een kant en die rivier aan die ander kant staan die boom van die lewe. Dit dra twaalf keer per jaar vrug; elke maand dra hy sy vrugte. En die blare van die boom gee genesing aan die nasies.

Restorasie: Johannes 14: 2 – 3

² In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. ³ En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.

Dag 27

Hoop: Psalm 119:147

¹⁴⁷ Voor dagbreek roep ek om hulp, en plaas my hoop op U woord.

Genesing: Markus 2:17

¹⁷ Jesus het dit gehoor en Hy sê vir hulle: “Die wat gesond is, het nie ‘n dokter nodig nie, maar die wat siek is. Ek het nie gekom om mense te roep wat op die regte pad is nie, maar sondaars.”

Restorasie: Galasiërs 6:1

¹ Broers en susters, wanneer iemand in die een of ander sonde verval, moet julle wat deur die Gees gelei word, daardie persoon nederig reghelp. Wees baie versigtig dat jy nie ook versoek word nie.

Dag 28

Hoop: Jeremia 31:13

¹³ Dan sal die jonkvrou haar verheug in die koordans, ja, die jongmanne en die oues tesame; en Ek sal hulle rou in vreugde verander en hulle troos en hulle tot blydschap bring uit hulle kommer.

Genesing: Spreuke 3: 5 – 8

⁵Vertrou op die Here met jou hele hart en steun nie op jou eie insig nie. ⁶ Ken Hom in al jou weë, dan sal Hy jou paaie gelykmaak. ⁷ Wees nie wys in jou eie oë nie, vrees die Here, en wyk af van die kwaad; ⁸ dit sal genesing wees vir jou liggaam en verkwikking vir jou gebeente.

Restorasie: Matteus 6:33

³³ Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.

Dag 29

Hoop: 2 Korinthiërs 3:12

¹² Omdat ons hoop hierop gevestig is, tree ons met groot vrymoedigheid op.

Genesing: Psalm 6:3

³ Wees my genadig, Here, want ek is swak. Maak my gesond, Here, want my liggaam is vol pyne.

Restorasie: Joël 2:22 – 24

²² Moenie bang wees nie, diere van die veld! Binnekort sal die weiding groen wees. Die bome sal weer vol vrugte wees. Die vyeboom en wingerde sal weer volop vrugte dra. ²³ Wees bly, inwoners van Jerusalem! Juig oor die Here julle God! Die reën wat Hy stuur, is 'n bewys van sy genade. Die herfreëns en die lentereëns sal weer oorvloedig wees soos voorheen. ²⁴ Daar sal weer hope koring op die dorsvloere wees. Die parskuipe sal oorloop van wyn en olyfolie.

Dag 30

Hoop: Psalm 31:25

²⁵ Wees dus sterk en hou goeie moed, julle almal wat julle vertrou in die Here stel.

Genesing: Spreuke 16:24

²⁴ Mooi woorde is soos heuning; dit is goed vir die gees en bevorderlik vir die lewe.

Restorasie: 2 Korinthiërs 5:17

Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword.

Dag 31

Hoop: Klaagliedere 3:24

24 Ek sê vir myself: “My lewe behoort aan die Here. Daarom vertrou ek op Hom.”

Genesing: Handeling 19: 11 – 12

11 God het deur Paulus se optrede wonderbaarlike dinge gedoen. 12 Selfs wanneer doeke of voorskote wat aan sy vel geraak het, op siekes gesit is, het hulle siektes verdwyn. Selfs bese geeste het uit mense uitgegaan.

Restorasie: Psalm 23:1 – 3

1 Die Here is my herder; niks sal my ontbreek nie. 2 Hy laat my neerlê in groen weivelde; na waters waar rus is, lei Hy my heen. 3 Hy verkwik my siel; Hy lei my in die spore van geregtigheid, om sy Naam ontwil.

Dag 32

Hoop: Psalm 33:18

18 Maar die Here waak oor die wat Hom dien, oor hulle wat hoop op sy troue liefde.

Genesing: Jesaja 57:18

18 Ek het gesien wat hulle doen, maar nogtans sal Ek hulle gesond maak!

Restorasie: Josua 1:9

1 “My opdrag aan jou is dat jy sterk en dapper moet wees. Moenie bang of huiwerig wees nie. Die Here jou God is saam met jou oral waar jy gaan.”

Dag 33

Hoop: 1 Johannes 3:3

3 Almal wat uit hierdie Christusverwagting leef, hou hulleself vlekkeloos soos Hy vlekkeloos is.

Genesing: Numeri 12:13

13 En Moses het die Here aangeroop en gesê: “o God, maak haar tog gesond!”

Restorasie: 2 Samuel 14:14

14 Want ons moet eenmaal sterwe en soos water wees wat uitgegooi word op die grond, wat 'n mens nie weer kan versamel nie; en God neem die lewe nie weg nie, maar Hy koester gedagtes om 'n verstotene nie van Hom af te stoot nie.

Dag 34

Hoop: Job 11:18

18 Jy sal vol moed wees omdat jy hoop sal hê. Jy sal beskerm wees en rus in veiligheid.

Genesing: Matteus 11:28

28 Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is en Ek sal julle rus gee.

Restorasie: 2 Kronieke 3:9

9 Want as julle jul tot die Here bekeer, sal julle broers en julle kinders barmhartigheid vind voor die wat hulle as gevangenes weggevoer het, sodat hulle na hierdie land kan terugkom; want die Here julle God is genadig en barmhartig, en Hy sal die aangesig van julle nie afwend nie as julle jul tot Hom bekeer.

Dag 35

Hoop: Psalm 10:17

17 U het die gesmeek van die hulpeloses gehoor, Here. U gee hulle nuwe moed. U verhoor hulle gebed.

Genesing: 2 Korinthiërs 12:9

9 En Hy het vir my gesê: "My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakheid volbring."

Restorasie: Psalm 51:9 – 10

9 Neem tog my sonde weg dat ek rein kan wees, was my dat ek witter as sneeu kan wees. 10 Laat my weer blydskap en vreugde belewe. U het my verbrysel; laat my weer jubel.

Dag 36

Hoop: Psalm 9:19

19 Want die behoefdiges word nie vir altyd vergeet nie. En die hoop van die armes sal nie vir altyd vernietig word nie.

Genesing: Jesaja 38:16 – 17

16 Here, u dissipline is goed, want dit lei tot lewe en gesondheid. U het my gesondheid teruggegee en my toegelaat om te lewe! 17 Ja, dit was vir my goed om al hierdie angs te ervaar, want U het my gered van die dood. U het al my sondes vergewe.

Restorasie: Johannes 5: 24

24 Die verseker Ek julle, wie my woorde hoor en wie vertrou op Hom wat My gestuur het, het die ewige lewe. Hy kom nie in die oordeel nie, maar het reeds oorgegaan uit die dood na die lewe.

Dag 37

Hoop: Psalm 78:7

8 en hulle vertrou op God kan stel en die dade van God nie vergeet nie, maar sy geboorie kan bewaar.

Genesing: Psalm 146:8

8 Die Here laat die blindes weer sien. Die Here ondersteun die wat swaarkry. Die Here het die regverdiges lief.

Restorasie: Jeremia 29:12 – 14

12 Dan sal julle My aanroep, tot My kom bid, en Ek sal julle gebede verhoor. 13 Julle sal vra na my wil en julle sal dan my wil ken as julle met julle hele hart daarna vra. 14 Julle sal My ontmoet, sê die Here, en Ek sal julle terugbring uit die ballingskap uit. Ek sal julle bymekaarmaak tussen al die nasies uit en van al die plekke af waarheen Ek julle verstrooi het, sê die Here, en Ek sal julle terugbring na die plek toe waarvandaan Ek julle in ballingskap weggevoer het.

Dag 38

Hoop: Psalm 38: 16

16 “Maar ek hoop op U, Here. U sal antwoord, Here my God

Genesing: Lukas 4:18

¹⁸ “Die Gees van die Here is op My omdat Hy My aangestel het om die Goeie Nuus vir die armes aan te kondig. Hy het My gestuur om aan te kondig dat gevangenes vrygelaat sal word, dat blindes sal sien, dat onderdrukte bevry sal word van hulle verdrukkers,

Restorasie: 2 Samuel 19:14 – 18

¹⁴ Op hierdie manier het hy almal in Juda oortuig en hulle het eenparig vir Dawid laat weet: “Kom terug na ons toe en bring almal saam wat by u is!” ¹⁵ Die koning het teruggekom en die Jordaanrivier bereik. Die mense van Juda het by Gilgal bymekaargekom om die koning terug te verwelkom en hom oor die rivier te begelei. ¹⁶ Simeï seun van Gera die Benjaminit uit Bagurim het hom gehaas om koning Dawid saam met die mense van Juda te ontmoet. ¹⁷ ‘n Afdeling soldate uit die stam van Benjamin was saam met hom, en ook Siba, die bestuurder van Saul se eiendom, saam met sy vyftien seuns en twintig slawe. Hulle het hulle na die Jordaanrivier gehaas om voor die koning daar te wees. ¹⁸ Hulle het deur die drif gegaan om die koning en sy huishouding deur die rivier te bring en hom op allerlei maniere te help.

Dag 39

Hoop: Spreuke 3:3 – 4

³ Moenie dat jy tekort skiet aan liefde en getrouheid nie. Koester dit soos iets waardevols wat jy om jou nek dra. Skryf dit op die tafel van jou hart. ⁴ Jy sal guns en ‘n goeie naam verkry by God en by mense.

Genesing: Johannes 11:4

⁴ Toe Jesus dit hoor, het Hy gesê: “Hierdie siekte sal nie op die dood uitloop nie, maar op die openbaring van die wonderbaarlike mag van God, sodat die Seun van God daardeur veheerlik kan word.

Restorasie: Psalm 51:12 – 13

¹² Skep vir my ‘n rein hart, o God, en gee opnuut in die binneste van my ‘n vaste gees. ¹³ Verwerp my nie van U aangesig nie en neem U Heilige Gees nie van my weg nie.

Dag 40

Hoop: Psalm 130:5

⁵ Ek wag op die Here, ek wag, en hoop op sy word

Genesing: Johannes 9:24 – 25

²⁴ Die Jode het toe die tweede keer die man wat blind was, geroep en vir hom gesê: “Praat die waarheid voor God; ons weet mos hierdie man is ‘n sondaar.” ²⁵ Daarop het hy gesê: “Of hy ‘n sondaar is, dit weet ek nie. Een ding weet ek wel: ek was blind, en nou sien ek.”

Restorasie: Esegel 37:1 – 5

¹ Die hand van die Here was op my, en Hy het my uitgebring deur die Gees van die Here en my neergesit in die laagte; en dit was vol bene. ² En Hy het my by hulle laat verbygaan na alle kante toe; en kyk, daar het ‘n groot menigte oor die laagte gelê, en kyk, hulle was baie dor. ³ Toe sê Hy vir my: Mensekind, kan hierdie bene lewendig word? En ek antwoord: Here Here, U weet dit. ⁴ Daarop sê Hy vir my: “Profeteer oor hierdie bene en sê vir hulle: Dor bene, hoor die woord van die Here!” ⁵ So spreek die Here Here tot hierdie bene: Kyk, Ek bring gees in julle in, sodat julle lewendig kan word.

Dag 41

Hoop: 2 Korinthiërs 4:18

¹⁸ omdat ons nie let op die sigbare dinge nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig.

Genesing: Jeremia 3:22

²² Die Here sê: “Ontroue kinders, kom terug na My toe. Ek sal julle van julle ontrouheid genees.”

Restorasie: Jesaja 49:6

⁶ Hy sê: “Jy sal nog meer doen as om die stamme van Jakob op te rig en my volk Israel na My toe terug te bring. Ek gaan jou ‘n lig maak vir die nasies sodat jy my redding kan bring tot aan die uithoeke van die aarde.”

Dag 42

Hoop: Psalm 33:22

²² Hou U liefde oor ons, Here, want ons stel ons vertrou in U.

Genesing: Matteus 8:5 – 7

⁵ Nadat Jesus in Kapernaum aangekom het, het ‘n offisier by Hom hulp kom vra ⁶ en gesê: “Here, my slaaf lê by my huis verlam en verduur baie pyn.” ⁷ En Jesus antwoord hom: “Ek sal hom kom gesond maak.”

Restorasie: Deuteronomium 30:6 – 10

⁶ “Die Here jou God sal jou hart en die hart van jou nageslag besny sodat jy Hom met hart en siel sal liefhê. Dan sal jy lewe! ⁷ Die Here jou God sal al die vervloekings op jou vyande en jou vervolgers laat neerkom. ⁸ Dan sal julle weer die Here gehoorsaam en al die opdragte nakom wat ek jou vandag gee. ⁹ Die Here jou God sal jou dan voorspoedig maak in alles wat jy doen. Hy sal vir jou baie kinders gee, jy sal baie diere hê en jou landerye sal oorvloedige oeste oplewer. Die Here sal Hom daarin verbly en jou voorspoedig maak soos met jou voorouers. ¹⁰ Dit sal gebeur as jy die Here jou God gehoorsaam, sy opdragte en voorskrifte nakom soos dit in die boek van die gebooie geskryf is, en as jy met hart en siel na die Here jou God terugkeer.”

Dag 43

Hoop: Markus 11:22 – 24

²² Jesus het hulle toe geantwoord: “Julle moet geloof hê in God. ²³ Dit verseker Ek julle, julle kan vir hierdie berg sê: ‘Mag God jou oplig en in die see gooi,’ en dit sal so gebeur. Al wat nodig is, is dat julle regtig sal glo en nie in julle harte twyfel nie. Daarom verklaar Ek vir julle, alles wat julle in die gebed vra, sal julle ontvang, mits julle God daarmee vertrou.

Genesing: 2 Kronieke 32:24

²⁴ Ongeveer hierdie tyd het Hiskia dodelik siek geword. Hy het tot die Here gebid, en God het hom gesond gemaak en ‘n wonderteken gegee.

Restorasie: Hosea 6:2 – 3

² Hy sal ons na twee dae ‘n nuwe lewe laat begin. Hy sal ons op die derde dag weer krag gee sodat ons in sy teenwoordigheid kan leef. ³ Kom ons wy ons aan Hom toe, kom ons streef daarna om ons aan die Here toe te wy. Die Here sal verskyn, so seker as die son opkom, Hy sal na ons toe kom soos stortreën, Hy sal ons verkwik soos lenterreëns die grond verkwik.”

Dag 44

Hoop: 2 Timoteus 1:7

⁷ Want God het ons nie ‘n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing.

Genesing: Psalm 41:5

⁵ Ek het gesê: o Here, wees my genadig! Genees my, want ek het teen U gesondig.

Restorasie: Spreuke 6:30 – 31

³⁰ 'n Dief kan verskoon word wanneer hy steel, want hy was honger. ³¹ As hy betrap word moet hy sewe maal meer teruggee, selfs al kos dit hom alles wat hy besit.

Dag 45

Hoop: Romeine 15:4

⁴ Alles wat vooraf in die Skrif opgeteken is, is tog opgeteken om ons te leer sodat ons deur die standvastigheid en bemoediging wat die Skrif ons gee, vol hoop kan wees.

Genesing: Spreuke 12:18

¹⁸ Daar is mense wat dinge sal sê wat seermaak. 'n Wyse mens se woorde bring eerder genesing.

Restorasie: Nahum 2:2

² Die land Israel lê kaal geplunder, verwoes na julle invalle. Maar die Here sal weer die eer en roem van Israel herstel.

Dag 46

Hoop: Handeling 24:15

¹⁵ Ek het my hoop op God gestel – iets wat hulle self ook verwag – dat God die opstanding van die goeies en die slegtes gaan laat plaasvind.

Genesing: Matteus 4:23

²³ En Jesus het deur die hele Galilea rondgegaan en in hulle sinagoges geleer en die evangelie van die koninkryk verkondig en elke siekte en elke kwaal onder die volk genees.

Restorasie: Esegel 20:40 – 41

⁴⁰ “Op my heilige berg, op die hoë berg van Israel, “sê die Here my God, “daar, in die land, sal die hele Israel My dien. Daar sal Ek weer goedgesind wees teenoor hulle en daar sal Ek bereid wees om hulle offergawes, hulle eerstelingoffers en al hulle geskenke aan die heiligdom te ontvang. ⁴¹ Die reuk van julle offers sal vir My aanneemlik wees. Wanneer Ek julle onder die volke uit laat trek en julle bymekaarmaak uit al die lande waarheen Ek julle verstrooi het, sal Ek My deur julle voor die oë van die nasies laat ken as die heilige.

Dag 47

Hoop: 2 Korinthiërs 4:8 – 9

⁸ Op elke manier word ons onder druk geplaas, maar ons is nie verpletter nie; ons is verward, maar nie wanhopig nie; ⁹ ons word vervolg maar nie in die steek gelaat nie; platgeslaan, maar nie vernietig nie.

Genesing: Markus 6:56

⁵⁶ En waar Hy ook al ingegaan het in dorpe of stede of buitewyke, het hulle die wat ongesteld was, op die markpleine neergesit en Hom gesmeek om, al was dit maar die soom van sy kleed, aan te raak; en almal wat Hom aangeraak het, het gesond geword.

Restorasie: Lukas 16:19 – 23

¹⁹ En daar was 'n ryk man, en hy het purper en fyn linne gedra en elke dag vrolik en weelderig gelewe. ²⁰ En daar was 'n bedelaar met die naam van Lasarus wat vol swere voor sy poort gelê het. ²¹ En hy het verlang om hom te versadig met die krummels wat van die ryk man se tafel val. Ja, selfs die honde het gekom en sy swere gelek. ²² En toe die bedelaar sterf, is hy deur die engele weggedra na die boesem van Abraham. ²³ En die ryk man het ook gesterwe en hy is begrawe. En toe hy in die doderyk sy oë ophef, terwyl hy in smarte was, sien hy Abraham van ver af en Lasarus aan sy boesem.

Dag 48

Hoop: 1 Petrus 1:13

¹³ Sien daarom met verwagting uit na die genade wat vir julle gebring word wanneer Jesus Christus weer verskyn. Sorg dat julle helder dink en gedissiplineerd lewe.

Genesing: Lukas 13: 12

¹² Toe Jesus haar sien, roep Hy haar nader en sê vir haar: "Mevrou, jy is van jou gebrek verlos!"

Restorasie: Psalm 23: 4 -6

⁴ Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my; U stok en U staf die vertroos my. ⁵ U berei die tafel voor my aangesig teenoor my teestanders; U maak my hoof vet met olie; my beker loop oor. ⁶ Net goedheid en guns sal my volg al die dae van my lewe; en ek sal in die huis van die Here bly in lengte van dae.

Dag 49

Hoop: Markus: 5:36

36 Jesus het die boodskap egter gehoor en vir Jairus gesê: “Moet jou nie onstel nie; vertrou net.”

Genesing: Jesaja 38:20

20 Here, U het my gered, Ons sal op ons liere speel al die dae van ons lewe, in die huis van die Here.

Restorasie: Handeling 2:38

38 Toe antwoord Petrus hulle: “Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus, en God sal julle sondes vergewe en julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang.

Dag 50

Hoop: Psalm 119: 114

114 By U skuil ek, U beskerm my, in U woord stel ek my vertrou.

Genesing: 2 Konings 20:5

5 Gaan terug en sê vir Hiskia, die leier van my volk: So sê die Here, die God van jou voorvader Dawid: Ek het jou gebed verhoor, Ek het jou tranes gesien. Ek gaan jou gesond maak, en jy sal oormôre weer na die huis van die Here toe kan gaan.

Restorasie: Johannes 3:16

16 Want so lief het God die werêld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

Dag 51

Hoop: Psalm 130:7

7 Israel, hoop op die Here, want by die Here is troue liefde, by Hom is volkome redding.

Genesing: Matteus 17:18 – 20

¹⁸ Jesus het die bese gees skerp aangespreek, en die bese gees het van die seun af weggegaan. Van daardie oomblik af het die seun gesond geword. ¹⁹ Die dissipels het toe alleen na Jesus toe gekom en gevra: “Waarom kon ons hom nie uitdryf nie?” ²⁰ “Omdat julle geloof te klein is,” sê Hy vir hulle. “Dit verseker Ek julle: As julle maar geloof het soos ‘n mosterdsaadjie, sal julle vir hierdie berg sê; ‘Gaan staan daar anderkant!’ en hy sal gaan. Niks sal vir julle onmoontlik wees nie.”

Restorasie: Jesaja 2:1 – 5

¹ Hier is nog ‘n visioen wat Jesaja seun van Amos gesien het oor Juda en Jerusalem: ² In die laaste dae sal die berg van die tempel van die Here die belangrikste plek op aarde word. Nasies sal daarheen stroom. ³ Baie volke sal kom en sê: “Kom, laat ons na die berg van die Here gaan, na die tempel van die God van Israel. Daar sal Hy ons sy weë leer sodat ons aan Hom gehoorsaam kan wees.” Want uit Sion kom die instruksies, en die woord van die Here uit Jerusalem. ⁴ Die Here sal regsprek tussen nasies en dispute tussen hulle oplos. Hulle sal ploegskare maak van hulle swaarde en snoeiskere van hulle spiese. Tussen nasies sal daar geen oorloë meer wees nie, en militêre opleiding sal nie bestaan nie. ⁵ Kom, mense van Israel, laat ons lewe in die lig wat van die Here af kom!

Dag 52

Hoop: Job 17:15

¹⁵ Maar waar is my hoop dan? Kan iemand dit vind?

Genesing: Matteus 12:13

¹³ Toe sê Hy vir die man: Steek jou hand uit! En hy het dit uitgesteek, en dit is herstel, gesond soos die ander een.

Restorasie: Amos 9:13 – 15

¹³ Verder sê Hy: ‘n Dag sal kom wanneer die graan en die druiwe vinniger sal groei as wat hulle kan oes. Die sap sal afdrup van die wingerende teen die berghange, dit sal teen die skuinstes afvloei. ¹⁴ Ek sal my volk Israel uit ballingskap laat terugkom. Hulle sal die verwoeste dorpe weer opbou en bewoon. Hulle sal die wingerde plant en die wyn daarvan drink. Hulle sal boorde aanplant en die vrugte daarvan eet.” ¹⁵ Die Here hulle God sê: “Ek sal hulle in hulle land hervestig. Ek sal nooit weer toelaat dat iemand hulle wegneem uit die land wat Ek vir hulle gegee het nie.”

Dag 53

Hoop: Psalm 119: 116

¹¹⁶ Hou my stande soos U beloof het sodat ek kan lewe. Laat my nie beskaam wees in my hoop nie.

Genesing: Matteus 9:20 – 22

²⁰ Onderweg het 'n vrou wat twaalf jaar lank aan bloedvloeïing gely het, van agter af na Jesus toe gekom en aan die soom van sy bo-kleed geraak, ²¹ want sy het by haarself gedink: "Al kan ek tog maar net aan sy bo-kleed raak, sal ek gesond word." ²² Toe Jesus omdraai en haar sien, het Hy vir haar gesê: "Skep moed, my dogter. Omdat jy so vas geglo het, is jy nou gesond." En die vrou was van daardie oomblik af heeltemal genees.

Restorasie: Sagaria 10:6

⁶ "Ek sal Juda sterk maak en Israel red. Ek sal hulle herstel omdat Ek hulle liefhet. Dit sal wees asof Ek hulle nooit verwerp het nie, want Ek is die Here hulle God wat hulle gebede verhoor.

Dag 54

Hoop: Psalm 119: 81

⁸¹ Ek smag na U redding, ek vertrou op U woord.

Genesing: 2 Kronieke 30:18 – 20

¹⁸ Die meeste van hulle wat uit Efraim, Manasse, Issaskar en Sebulon gekom het, het hulleself nie gereinig nie. Hulle het die paaslam geëet al was dit strydig met wat voorgeskryf is. Maar koning Hiskia het vir hulle gebid en gesê: 'Mag die Here, wat goed is, elkeen vergewe ¹⁹ wat besluit het om God die Here, die God van hulle voorouers, te dien self al is dit nie volgens die reinheidvoorskrifte van die heiligdom nie.' ²⁰ Die Here het Hiskia se gebed verhoor en die volk genees.

Restorasie: Esegel 16:55

⁵⁵ Ja jou susters, Sodom en Samaria, en hulle mense sal herstel word. Dan sal jy en jou mense ook herstel word.

Dag 55

Hoop: Titus 2:13

¹³ Ondertussen sien ons daarna uit dat die wonderlike hoop wat ons koester, 'n werklikheid sal word en dat die heerlikheid van ons groot God en Verlosser, Jesus Christus, sigbaar sal word.

Genesing: Psalm 107:20

²⁰ Met 'n woord wat Hy gestuur het, het Hy hulle genees, en hulle van die dood weggeruk.

Restorasie: Jeremia 31:1 – 5

¹ Die Here sê: “Daardie tyd sal Ek al die families van Israel se God wees en hulle sal my volk wees.” ² Hy sê verder: “Die oorlewendes sal in die woestyn genade vind. Daar sal Hy vir Israel rus gee.” ³ Lank gelede reeds het die Here dit aan ons bekendgemaak: “Ek het jou lief met 'n liefde wat nooit ophou nie. Ek trek jou met troue liefde na My toe. ⁴ Ek sal jou weer herbou soos jy vroeër was, jong vrou Israel! Jy sal weer jou tamboeryne te voorskyn haal. Jy sal dans en vrolik wees. ⁵ Jy sal weer wingerende plant teen die berghange van Samaria. Die werkers sal die vrugte geniet wat hulle self geplant het.

Dag 56

Hoop: Spreuke 24:14

¹⁴ So smaak die kennis, die wysheid ook; as jy die gekry het, het jy 'n toekoms en jou hoop sal jou nie ontnem word nie.

Genesing: Deuteronomium 32:39

³⁹ Besef dit tog: Ek, Ek is die Here! Naas My is daar geen ander God nie. Ek maak dood en Ek gee lewe. Ek maak siek en Ek maak gesond. Uit my mag word niemand bevry nie.

Restorasie: Jesaja 41:17 – 20

¹⁷ “Die armes en behoeftiges soek na water, maar kry niks. Hulle tonge bars van dors. Dan sal Ek, die Here hulle verhoor. Ek, die God van Israel sal hulle nie verlaat nie. ¹⁸ Ek sal riviere laat ontspring op die hoë bergpieke. Ek sal vir hulle fonteine gee in die valleie. Ek sal die woestyn in 'n poel water verander. Ek verander die droë, gebarste grond in fonteine. ¹⁹ Ek sal bome plant in die woestyn – sedars, doringbome, mirte en olyfbome. Ek laat in die droë werêld sipresse groei, ook platane en denne. ²⁰ Almal sal hierdie wonderwerk sien gebeur. Hulle sal dan verstaan dat die Here dit gedoen het. Die Heilige van Israel het dit geskep.

Dag 57

Hoop: Psalm 145:15

15 Die oë van almal is hoopvol op U gerig; U gee aan almal kos op die regte tyd.

Genesing: Jeremia 14: 19

19 Het U Juda nou totaal verwerp? Haat U werklik vir Jerusalem? Waarom het U ons so verwond dat niemand ons gesond kan maak nie? Ons het vrede verwag, maar daar was geen vrede nie. Ons het gehoop op genesing, maar verskrikking het gekom.

Restorasie: Jesaja 49:13

13 Jubel, Hemel! Juig, aarde! Sing vrolik, berge! Die Here het vir sy volk uitkoms gegee, Hy het Hom ontferm oor sy volk wat in nood was.

Dag 58

Hoop: Titus 1:2

2 en wat hoop gee op die ewige lewe. God wat sy woord hou, het die ewige lewe lank gelede aan ons belowe.

Genesing: Markus 8:25

25 Toe het Jesus sy hande weer 'n keer op die man se oë gesit. Sy oë het begin fokus en sy sig is volkome herstel. Hy kon nou alles duidelik sien.

Restorasie: Numeri 6:25 – 27

25 Die Here sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees; 26 die Here sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee. 27 So moet hulle dan My Naam op die kinders van Israel lê; en Ek sal hulle sien.

Dag 59

Hoop: 1 Tessalonisense 5:8

8 Maar laat ons wat van die dag is, nugter wees, met die borswapen van geloof en liefde aan, en as helm die hoop op die saligheid.

Genesing: Lukas 4:41

41 En duiwels het ook uit baie uitgegaan en geskreeu en gesê: U is die Christus, die Seun van God! En Hy het hulle bestraf en nie toegelaat om te praat nie, omdat hulle geweet het dat Hy die Christus was.

Restorasie: Jesaja 49:23

23 Konings sal pleegvaders van jou kinders wees. En koninginne hulle pleegmoeders. Hulle sal diep voor jou buig en die stof van jou skoene aflek. Dan sal jy weet dat Ek die Here is. Wie sy hoop op My stel, sal nie teleurgestel word nie.”

Dag 60

Hoop: Galasiërs 5:5

5 Wat ons betref, die Gees laat ons uitsien na dit waarop ons hoop: vryspraak deurdat ons glo.

Genesing: Lukas 8:48

48 En Hy sê vir haar: Hou goeie moed, dogter, jou geloof het jou gered. Gaan in vrede.

Restorasie: Psalm 121:1 – 6

1 Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? 2 My hulp is van die Here wat hemel en aarde gemaak het. 3 Hy kan jou voet nie laat wankel nie; jou Bewaarder kan nie sluimer nie. 4 Kyk, die Bewaarder van Israel sluimer of slaap nie. 5 Die Here is jou Bewaarder; die Here is jou skaduwee aan jou regterhand. 6 Die son sal jou bedags nie steek nie, die maan ook nie by nag nie.

Dag 61

Hoop: Efesiërs 1:18

18 Ek bid dat Hy julle geestesoë so verhelder dat julle kan weet watter hoop sy roeping inhou, en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat Hy vir die gelowiges bestem het.

Genesing: Psalm 31:10

10 Here, wees my genadig want ek is in nood. My trane verdof my oë. My siel en liggaam kwyn weg.

Restorasie: Jeremia 31:23 – 25

²³ De Here, die Almagtige, die God van Israel, sê: “As Ek hulle terugbring uit hulle ballingskap, sal die mense in Juda en in hulle dorpe weer sê: “Die Here seën jou, tuiste van geregtigheid, heilige berg!” ²⁴ Al die mense in die dorpe en in die gebied van Juda, die boere en die herders, sal in rus en vrede saambly. ²⁵ Want Ek sal nuwe krag gee aan die wat moeg is en die swakkes versterk.

Dag 62

Hoop: Jeremia 31:16 – 17

¹⁶ So sê die Here: Bly stil, moenie huil nie, moenie trane in jou oë hê nie! Vir al jou swaarkry sal jy vergoed word sê die Here, jou kinders sal uit die vyand se land terugkom. ¹⁷ Daar is 'n toekoms vir jou nageslag, sê die Here, jou kinders sal na hulle besitting toe terugkom.

Genesing: Eksodus 15:26

²⁶ Hy het gesê: “Julle moet goed luister na wat Ek, die Here julle God, sê! Julle moet doen wat reg is in my oë, gehoor gee aan my gebooi en alles doen wat Ek vir julle voorskryf. Dan sal Ek geneen van die siektes waarmee Ek Egipte getref het, oor julle bring nie, want dit is Ek, die Here, wat julle gesond maak.”

Restorasie: Titus 2:11 – 12

¹¹ Die genade van God wat verlossing bring het immers aan alle mense verskyn. ¹² Dit voed ons op om die goddelose leefwyse en werêldse begeerlikheid te laat vaar en met selfbeheersing, opregtheid en godsvrug in die teenswoordige werêld te lewe.

Dag 63

Hoop: Psalm 146:5

⁵ Gelukkig is hy wie se hulp die God van Jakob is, wat sy hoop vestig op die Here sy God.

Genesing: 2 Korinthiërs 1:3 – 4

³ God, die Vader van ons Here Jesus Christus, word geprys! Hy is die vader van barmhartigheid en die God wat in elke opsig bemoedig. ⁴ In al ons swaarkry bemoedig Hy ons. Hy doen dit sodat ons ook in staat sal wees om mense in al hulle swaarkry by te staan met dieselfde bemoediging waarmee God ons versterk het.

Restorasie: Psalm 40: 14 - 18

14 Asseblief, Here, red my tog! Kom gou, Here, en help my! 15 Laat almal wat my lewe wil neem, in skande kom en verneder word. Laat hulle wat my ondergang begeer, vlug en beskaamd staan. 16 laat hulle verbysterd wees oor hulle skande, hulle wat sê: "Aha! Ons het hom!" 17 Maar mag almal wat U dien, vol vreugde en blydschap wees. Mag hulle wat by U hulp soek, voortdurend sê: "Die Here is groot!" 18 Ek is arm en behoeftig, maar die Here dink aan my. U is my hulp en my redder. My God, moet tog nie uitstel nie.

Dag 64

Hoop: Psalm 27:13

13 Tog is ek daarvan oortuig: Die Here se goedheid sal ek sien hier in die land van die lewendes.

Genesing: Handeling 10: 38

38 Julle weet ook hoe God Jesus van Nasaret met die Heilige Gees en met krag gesalf het. Jesus het toe rondgegaan, oral goeie werke gedoen en almal gesond gemaak wat onder die mag van die duiwel was, want God was by Hom.

Restorasie: Jeremia 31:33 - 34

33 Maar dit is die verbond wat Ek na die dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die Here. Ek gee My wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. 34 En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: Ken die Here, want hulle sal My almal ken, klein en groot onder hulle, spreek die Here; want Ek sal hulle ongeregtheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie.

Dag 65

Hoop: Titus 3:7

7 So is ons vrygespreek deur sy genade, en het ons erfgename geword van die ewige lewe waarop ons hoop.

Genesing: Lukas 13:13

13 En Hy het haar die hande opgelê en onmiddelik het sy regop gestaan en God verheerlik.

Restorasie: Job 42: 11 – 12

¹¹ Al sy broers en susters en sy vriende wat hom vroeër geken het, het gekom en saam met hom in sy huis geëet. Hulle het hulle medelye kom betoon en hom getroos oor al die rampe wat die Here oor hom gebring het. Elkeen het vir hom 'n stuk silwer en 'n goue ring gegee. ¹² Die Here het die laaste deel van Job se lewe voorspoediger gemaak as die eerste: hy het veertien duisend stuks kleinvee, ses duisend kamele, twee duisend beeste en 'n duisend donkies gekry.

Dag 66

Hoop: 1 Kronieke 29:15

¹⁵ Want ons is vreemdelinge en bywoners voor U aangesig soos al ons vaders; ons dae op die aarde is soos 'n skaduwee, en daar is geen verwagting nie.

Genesing: Markus 1:30 – 31

³⁰ Simon se skoonma was siek in die bed vanwee 'n hoë koors. Hulle het dadelik vir Jesus van haar vertel. ³¹ Hy het toe na haar bed toe gegaan, haar hand gevat en haar opgehelp. Die koors was weg en sy het vir hulle 'n ete voorberei.

Restorasie: Jesaja 61:4 – 7

⁴ Hulle sal die eeue-oue puinhope opbou, plekke herbou wat lankal verlate lê; hulle sal verwoeste stede weer opbou; plekke wat geslagte lank verlate lê. ⁵ Uitlanders sal in julle diens wees en julle kleinvee oppas, vreemdes sal in julle lande en julle wingerde werk. ⁶ Julle sal genoem word: Priesters van die Here, Dienaars van ons God. Julle sal van die rykdom van die nasies geniet, die trotse eienaars word van hulle besittings. ⁷ In plaas van vernedering sal julle twee keer soveel besittings he as tevore, in plaas van minagting sal julle lof ontvang oor wat julle besit. Julle sal in julle land twee keer soveel besit as tevore en julle sal altyd vreugde hê.

Dag 67

Hoop: Hebreërs 10:23

²³ Laat ons die belydenis van die hoop onwankelbaar vashou want Hy wat dit beloof het, is getrou.

Genesing: Psalm 41:1 – 3

² Dit gaan goed met die mens wat omsien na die swakke. Die Here sal hom red op die dag van nood. ³ Die Here sal hom beskerm en in die lewe hou; die hele land sal praat oor hoe goed dit met hom gaan. U sal hom nie uitlewer aan die wraaksug van sy vyande nie.

Restorasie: Jesaja 60:10 – 13

¹⁰ “Vreemdes sal jou stede herbou, hulle konings sal tot diens wees. Ek het jou in woede gestraf, maar in my genade sal Ek My oor jou ontferm. ¹¹ Jou stadshekke sal heeldag en heelnag oop wees, sodat die rykdom van die nasies na jou gebring kan word en die konings in ‘n triomftog die stad binnegelei sal word. ¹² Die nasie of koninkryk wat jou nie dien nie sal verdwyn en vernietig word. ¹³ “Die pragtige bome van die Libanon sal na julle toe kom, die woude vol sipresse, platane en denne. Dit sal gebruik word om my heiligdom te versier. My tempel sal heerlik wees.

Dag 68

Hoop: Klaagliedere 3:21 – 23

²¹ Maar dit sal ek ter harte neem en om die rede bly ek hoop: ²² deur die liefde van die Here het ons nie vergaan nie; daar is geen einde aan sy ontferming nie, ²³ dit is elke more nuut. U trou is groot.

Genesing: Lukas 6:19

¹⁹ Almal het aan Hom probeer raak, want genesende krag het van Hom uitgegaan, en hulle is almal genees.

Restorasie: Jeremia 31: 20 – 22

²⁰ Efraim is nie my troetelkind nie, ‘n kind in wie Ek My verlustig nie, en tog, elke keer as Ek hom bestraf, dink Ek met hartseer aan hom en is Ek ontstel oor hom, want Ek het hom baie lief, sê die Here. ²¹ Rig vir jou padwysers op, bring vir jou rigtingborde aan, hou jou oog op die grootpad, op die pad wat jy moet loop. Kom terug, Israel, kom terug na jou stede toe. ²² Hoe lank gaan jy nog talm, jy wat so dikwels jou eie koers gaan? Die Here skeep iets nuuts in jou land: Israel sal die Here liefhê.

Dag 69

Hoop: Psalm 119: 49

⁴⁹ Gedenk die woord aan U kneg, omdat U my laat hoop het.

Genesing: Handeling 3:6

⁶ Maar Petrus sê: silwer of goud het ek nie; maar wat ek het, dit gee vir jou: in die Naam van Jesus Christus, die Nasarener, staan op en loop.

Restorasie: Psalm 66:12

12 U het mense oor ons hoof laat ry; ons het in die vuur en in die water gekom, maar U het ons uitgelei in die oorfloed.

Dag 70

Hoop: Hebreërs 6:18 – 19

19 sodat ons deur twee onveranderlike dinge, waarin dit onmoontlik is dat God sou lieg, kragtige bemoediging kan hê, ons wat ontvlug het, om vas te hou aan die hoop wat voorlê; 19 en ons het dit as 'n anker van die siel wat veilig en vas is en ingaan tot binnekant die voorhangsel.

Genesing: Matteus 13:15

15 Ja, die hart van hierdie volk het verhard en hulle hoor swaar met hulle ore, en hulle het hulle oë toegemaak sodat hulle nie dalk met hulle oë sien en met hulle ore hoor en met hulle hart begryp en tot bekering kom en Ek hulle gesond maak nie.

Restorasie: Deuteronomium 11:18 – 21

18Verbind julleself heelhartig aan hierdie woorde van die Here. Bind die woorde aan julle hande as 'n herinneringsteken en dra dit as 'n teken op julle voorkoppe. 19 Leer dit vir jou kinders. Praat met hulle daaroor by die huis en wanneer jy op pad is, wanneer jy gaan lê en wanneer jy weer opstaan. 20 Skryf dit op die deurkosyne van jou huis en op jou stadpoorte. Dan sal julle en julle nageslag lank, so lank as wat die hemel bo die aarde is, kan bly in die land wat die Here aan julle voorouers belowe het.

Dag 71

Hoop: Romeine 5:5

5 en die hoop beskaam nie, want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het.

Genesing: Prediker 3:1 – 3

1 Daar is 'n vaste tyd vir alles, elke ding onder die son het sy tyd: 2 'n Tyd om te gebore word en 'n tyd om te sterf. 'n Tyd om te plant en 'n tyd om uit te ruk wat geplant is. 3 'n Tyd om dood te maak en 'n tyd om gesond te maak. 'n Tyd om af te breek en 'n tyd om op te bou.

Restorasie: Psalm 80: 18 – 20

18 Versterk die man aan u regterhand, die mensekind wat U vir Uself grootgemaak het. 19 Dan sal ons U nie weer verlaat nie. Laat ons herlewe, dan sal ons weer U Naam aanroep. 20 O

Here, God die Almagtige, herstel ons tog, Laat U guns weer oor ons skyn sodat ons gered kan word.

Dag 72

Hoop: Job 8:13

¹³ “So gaan dit met hulle wat vir God vergeet. Daar is geen hoop vir die godlose nie.”

Genesing: Job 5:17 – 18

¹⁷ Dit gaan goed met die mens wat deur God tereggewys word. Jy moet nie die bestraffing van die Almagtige verontagsaam nie. ¹⁸ Dit is Hy wat wonde toedien, maar Hy verbind hulle weer, wat seer slaan, maar Hy maak weer met sy eie hand gesond.

Restorasie: Psalm 69:36 – 37

³⁶ Want God sal Sion red en die stede van Juda herbou. Sy volk sal daar woon en die land besit. ³⁷ Die nageslag van sy dienaars sal dit erf; en hulle wat sy Naam liefhet, sal daar woon.

Dag 73

Hoop: Romeine 4:18

¹⁸ Toe daar geen hoop meer was nie, het Abraham nog gehoop en geglo, en so die vader van baie nasies geword volgens die belofte: “So sal jou nageslag wees”

Genesing: 2 Kronieke 7:14

¹⁴ Wanneer die volk wat my Naam dra, hulle verootmoedig en bid, en My weer soek en hulle afkeer van hulle bose lewens, sal Ek in die hemel hoor en hulle sondes vergewe en hulle land gesond maak.

Restorasie: Sagaria 14:11

¹¹ Daar sal mense woon, en die stad sal nie weer verwoes word nie. Jerusalem sal ‘n veilige woonplek wees.

Dag 74

Hoop: Hebreërs 6:11

¹¹ Dit is ons hartsbegeerte dat elkeen van julle enduit dieselfde entoesiasme sal vertoon sodat julle toekomsverwagting bewaarheid kan word.

Genesing: Eksodus 23:25

25 Jy moet die Here jou God dien. Dan sal Hy jou met kos en water seën en siekte van jou af weghou.

Restorasie: Miga 7:19 - 20

19 Hy sal ons weer genade betoon, Hy sal ons sonde tot niet maak, U sal al hulle sondes in die diepse gooi. 20 U sal getrou wees teenoor Jakob, liefde betoon aan Abraham, soos U in die voortyd aan ons voorvaders met 'n eed beloop het.

Dag 75

Hoop: Jeremia 17:17

17 Moet tog nie vir my 'n verskrikking word nie, want U is my toevlug op die dag van rampe.

Genesing: Psalm 119:107

107 Ek ly swaar, Here, hou my in die lewe, soos U beloop het.

Restorasie: 2 Konings 8:1 - 4

1 Elisa het die vrou wie se seun hy weer laat lewe het: gesê "Roep jou huisgesin bymekaar en trek weg na 'n ander plek toe, want die Here het bepaal dat daar oor Israel 'n hongersnood sal kom wat sewe jaar sal duur." 2 Die vrou het gemaak soos die man van die God vir haar gesê het. Sy en haar gesin het toe vertrek en sewe jaar lank in die land van die Filistyne gaan woon. 3 Toe die hongersnood na sewe jaar verby was, het sy teruggekeer uit die land van die Filistyne. Sy het na die koning toe gegaan en hom gesmeek om haar huis en grond weer terug te kry. 4 Die koning was besig om met Gehasi, die dienaar van die man van God, te praat. Die koning het so pas vir hom gesê: "Vertel my tog van al die groot dinge wat Elisa gedoen het.

Dag 76

Hoop: Psalm 119:74

74 U dienaar s sal my sien en bly wees, want op U woord hoop ek.

Genesing: Jakobus 5:11

11 Ons noem hulle geseënd omdat hulle volhard het. Julle het gehoor van die volharding van Job en julle het gesien waarop die Here dit laat uitloop het. Die Here is immers ryk aan barmhartigheid en ontferming.

Restorasie: 2 Konings 8:5 – 6

5 Gehasi was besig om die koning te vertel van die seun wat Elisa weer laat lewe het. Op daardie oomblik het die ma van die seun ingekom om haar versoek oor haar huis en haar grond aan die koning te stel. "My heer!" roep Gehasi uit. "Dis die vrou, en dis haar seun, die een wat Elisa weer laat lewe het!" 6 "Is dit so?" vra die koning vir haar. Sy het hom toe alles vertel. Daarop beveel hy een van sy amptenare om haar behulpsaam te wees en sê: "Jy moet sorg dat sy alles terugkry wat aan haar behoort, ook die waarde van enige oes wat gedurende haar afwesigheid ingesamel is,"

Dag 77

Hoop: 1 Timoteus 4:9 – 10

9 Dit is die betroubare boodskap, een wat verdien om ten volle aanvaar te word. 10 Hiervoor swoeg en veg ons, want ons hoop is op die lewende God wat die Verlosser is van alle mense, en veral van die wat glo.

Genesing: Matteus 14: 13- 14

13 Toe Jesus dit hoor, het Hy met 'n skuit daarvandaan weggegaan na 'n stil plek om alleen te wees. Die mense het hiervan gehoor en Hom van die dorpe af te voet gevolg. 14 Toe Hy uit die skuit klim, het Hy die groot menigte mense daar gesien. Hy het hulle innig jammer gekry en die siekes onder hulle gesond gemaak.

Restorasie: Esegel 34:25 – 27

25 Ek sal met julle 'n verbond sluit wat vir hulle vrede sal bring. Ek sal die roofdiere uitroei uit die land sodat my kleinvee veilig kan wees in die weiveld en in die bosse kan slaap. 26 Ek maak hulle en alles rondom my heuwel voorspoedig; Ek laat die reëns val op die regte tyd, reëns wat voorspoed sal bring. 27 Die bome sal hulle vrugte lewer en die grond sy opbrengs, en my volk sal veilig wees in hulle land. Wanneer Ek die juk wat op hulle gedruk het, stukkend breek en hulle red uit die mag van die wat slawe wou maak van hulle, sal hulle besef dat Ek die Here is

Dag 78

Hoop: Kolossense 1:5

5 Julle doen dit omdat julle hoop om dit te ontvang wat in die hemel vir julle gereed lê. Julle het daarvan gehoor toe die waarheid van die Goeie Nuus aan julle verkondig is.

Genesing: Esegel 34:16

¹⁶ Ek soek na die wat afgedwaal het en bring hulle veilig terug. Ek verbind die wonde van die beseerdes en versterk die swakkes. Maar Ek vernietig die vettes en magtiges. Ek lei die kudde in reg en geregtigheid.

Restorasie: Esegel 34: 28- 31

²⁸ Hulle sal nie weer die buit van ander nasies word nie en nie meer deur roofdiere opgevrete word nie. Hulle sal veilig woon en vir niemand hoef bang te wees nie. ²⁹ Ek gee hulle 'n land wat beroemd sal word vir sy vrugbaarheid; hulle sal nie weer deur hongersnood geteister word nie en hulle sal nie weer deur ander nasies verneder word nie. ³⁰ Hulle sal besef dat Ek, die Here hulle God, by hulle is en dat hulle my volk Israel is, "sê die Here my God. ³¹ "Julle is my kleinvee, julle is die volk vir wie Ek sorg, en Ek is julle God," sê die Here my God.

Dag 79

Hoop: 1 Petrus 1:21

²¹ Christus maak dat julle al julle vertrou op God stel. God het Christus uit die dood opgewek en heerlikheid aan Hom gegee. Daarom stel julle al julle vertrou en hoop op God.

Genesing: 2 Konings 5:6

⁶ Hy het die brief aan die koning van Israel gegee. Dit het gelui: "Ek stuur my dienaar Naaman met hierdie brief na jou toe sodat jy hom van sy melaatsheid kan gesond maak."

Restorasie: Psalm 13:4 – 6

⁴ Luister tog en antwoord my, Here my God! Gee my tog nuwe lewenskrag. Ek wil nie sterwe nie. ⁵ anders sê my vyand hy het my oorwin en juig my verdrukke oor my ondergang. ⁶ Ek hou vas aan U troue liefde oor die uitkoms wat U gee, juig my hart. Ek wil sing tot eer van die Here omdat Hy aan my goed gedoen het.

Dag 80

Hoop: 2 Tessalonisense 2:16 – 17

¹⁶ Verder, mag ons Here Jesus Christus en ons Vader – Hy wat ons liefgehad het en wat ons deur sy genade 'n ewige troos en 'n goeie vooruitsig gegee het – mag Hy self ¹⁷ julle harte vertroos en julle sterk maak in elke goeie daad en woord.

Genesing: Matteus 9:27 – 30

27 En toe Jesus daarvandaan verder gaan, het twee blindes Hom gevolg, terwyl hulle uitroep en sê; Wees ons barmhartig, Seun van Dawid! 28 En nadat Hy in die huis gegaan het, kom die blindes na Hom toe. En Jesus sê vir hulle; Glo julle dat Ek dit kan doen? Hulle antwoord Hom: Ja, Here. 29 Toe raak Hy hulle oë aan en sê: Laat dit vir julle wees volgens julle geloof. 30 En hulle oë het oopgegaan. En Jesus het hulle skerp aangespreek en gesê; Pas op, laat niemand dit te wete kom nie.

Restorasie: Lukas 7:15

15 Toe het die dooie regop gesit en met die mense om hom begin praat! En Jesus het hom aan sy ma teruggegee.

Dag 81

Hoop: Psalm 119:166

166 Ek sien uit na U redding Here; daarom voer ek U gebooie uit.

Genesing: Klaagliedere 2:13

13 Watter getuienis kan ek vir jou aflê, waarmee kan ek jou vergelyk, dogter van Jerusalem? Waarmee sal ek jou gelykstel, dat ek jou kan troos, jonkvrou, dogter van Sion? Want jou verbrokenheid is so groot soos die see – wie kan jou gesond maak?

Restorasie: Esegel 36:33 – 36

33 So sê die Here my God: “Die dag as Ek julle van julle sonde reinig, sal Ek sorg dat julle stede weer bewoon word en sal julle puinhope herbou word. 34 Die kaalgestroopte land sal bewerk word in plaas daarvan dat dit kaal lê voor die oë van almal wat daar verbygaan. 35 Hulle sal sê: ‘Die land was verlate en nou is hy soos die tuin van Eden; die stede het in puin gelê, hulle was verlate en verwoes, en nou is hulle vestingstede met inwoners.’ 36 Die nasies wat nog rondom julle oor is, sal besef dat dit Ek, die Here, is wat die verwoeste stede herbou het en die kaalgestroopte land weer beplant het. Ek, die Here, sê dit en Ek sal dit doen.”

Dag 82

Hoop: Hebreërs 3:6

6 Christus daarenteen is as Seun getrou oor die huis van God. En ons is sy huis as ons maar net met moed en oortuiging bly vashou aan wat ons hoop.

Genesing: 1 Korinthiërs 12:9

9 Aan iemand anders gee hierdie selfde Gees 'n heel besondere geloof, aan nog een gee Hy gawes van genesing.

Restorasie: 1 Samuel 30:18 – 19

18 Dawid het alles wat die Amalekiete geroof het, teruggekry. Hy het ook sy twee vroue gered. 19 Hulle het niks verloor nie; klein en groot, seun of dogter, en alles wat die Amalekiete geroof het, het Dawid teruggery.

Dag 83

Hoop: Psalm 42:12

12 Hoekom is ek nou so mismoedig? Hoekom so hewig ontsteld? Nee, ek plaas my hoop op God! Ek sal Hom weer prys. Hy is my redder en my God.

Genesing: Handeling 5:15 – 16

15 Die mense het selfs siekes op straat uitgedra en hulle daar op draagbare en beddens neergesit sodat, as Petrus daar verbygaan, al is dit maar net sy skaduwee op party van hulle kon val. 16 Daar het ook baie mense van die dorpe in die omgewing van Jerusalem af gekom en siekes gebring en mense wat onder onrein geeste gely het. Hulle is almal gesond gemaak.

Restorasie: 2 Korinthiërs 5:18 – 19

18 Dit alles is die werk van God. Hy het ons deur Christus met Homself versoen en aan ons die bediening van die versoening toevertrou. 19 Die boodskap van versoening bestaan daarin dat God deur Christus die werêld met Homself versoen het en die mense hulle oortredinge nie toereken nie. Die boodskap van versoening het Hy aan ons toevertrou.

Dag 84

Hoop: 1 Tessalonisense 1:3

3 Bring ons dan voor God ons Vader in herinnering die werk van julle geloof, die inspanning van julle liefde en die volharding van julle hoop op ons Here Jesus Christus.

Genesing: Handeling 9:34

34 En Petrus sê vir hom Eneas, Jesus Christus maak jou gesond; staan op en maak jou bed op! en hy het dadelik opgestaan.

Restorasie: Esegel 37:26 – 28

26 En Ek sal 'n verbond van vrede met hulle sluit, dit sal 'n ewige verbond met hulle wees; en Ek sal hulle daar bring en hulle vermenigvuldig; en Ek sal my heiligdom in hulle midde vestig vir ewig. 27 En my tabernakel sal oor hulle wees, en Ek sal vir hulle 'n God wees en hulle vir my 'n volk wees. 28 En die nasies sal weet dat Ek die Here is wat Israel heilig as my heiligdom vir ewig in hulle midde sal wees.

Dag 85

Hoop: Efesiërs 2:12 – 13

12 Dink daaraan dat julle toe sonder Christus was, nie burgers van God se volk nie, uitlanders wat nie deel gehad het aan die beloftes van die verbonde nie. Julle was sonder toekomsverwagting en sonder God in die werêld. 13 Maar nou het julle wat toe ver weg was, deur julle verhoudig met Christus naby gekom. Dit is moonlik gemaak deur Christus se dood aan die kruis.

Genesing: Markus 3:9 – 10

9 Jesus het aan sy dissipels opdrag gegee om 'n bootjie vir Hom gereed te hou om te voorkom dat die skare Hom vertrap. 10 Hy het daardie dag baie mense gesond gemaak met die gevolg dat almal met die een of ander kwaal Hom oorval het sodat hulle aan Hom kon raak.

Restorasie: Psalm 78:53 – 55

53 Ja, Hy het hulle veilig gelei, sodat hulle nie gevrees het nie; maar die see het hulle vyande oordek. 54 En Hy het hulle gebring na sy heilige grondgebied, na die bergland wat sy regterhand verwerf het. 55 En Hy het nasies voor hulle uit verdrywe en diè aan hulle as afgemete erfdeel laat val, en Hy het die stamme van Israel in hulle tente laat woon.

Dag 86

Hoop: Handeling 4:13

13 Die Joodse Raad was verbaas toe hulle Petrus en Johannes se vrymoedigheid sien, want die Raad het geweet dit is maar ongeleerde en eenvoudige mense. Die raadslede het hulle ook herken as volgelinge van Jesus.

Genesing: Lukas 7:7

7 Ek is nie eers waardig om U te kom ontmoet nie. Sê maar net 'n woord, en my slaaf sal gesond word.

Restorasie: Josua 24:13

13 Ek het julle 'n land gegee wat julle nie bewerk het nie, stede wat julle nie gebou het nie, maar waar julle kon gaan woon, julle eet van wingerde en olyfboorde wat julle nie geplant het nie.

Dag 87

Hoop: Psalm 25:5

5 Lei my deur U waarheid en leer my, want U, o God, is my redder. Die hele dag wag ek vol hoop op U.

Genesing: Handeling 28:8 – 9

8 Publius se pa was in die bed siek aan maagkoors. Paulus het na hom toe gegaan, en nadat hy gebid het, het hy hom die hande opgelê en hom gesond gemaak. 9 Na hierdie voorval het ook die ander siekes op die eiland na Paulus toe gekom, en hy het hulle gesond gemaak.

Restorasie: Job 33:26

26 Hy sal tot God bid, God sal sy gebed verhoor, hom met vreugde laat bid, hom 'n mens maak wat weer reg leef voor God.

Dag 88

Hoop: Kolossense 1:23

23 maar dan moet julle aanhou glo, Julle moet onwrikbaar vas bly staan en nie die verwagting laat vaar wat in julle gewek is toe julle die Goeie Nuus gehoor het nie. Hierdie Goeie Nuus is aan almal onder die son verkondig. En ek, Paulus, het hiervan 'n dienaar geword.

Genesing: Lukas 14:4

4 Toe hulle stilbly, het Jesus die siek man aangeraak, hom genees en huis toe gestuur.

Restorasie: Jesaja 51:1 – 3

1 Luister na My, julle wat wil reg doen, julle wat na die wil van die Here vra: Dink aan die rots waaruit julle gekap is, aan die klipgroef waaruit julle gegrawe is. 2 Dink aan Abraham, julle voorvader, aan Sara wat vir julle in die wereld gebring het. Ek het Abraham geroep toe hy kinderloos was en Ek het hom geseën en hom 'n nageslag gegee. 3 Nou gaan die Here Hom oor Sion ontferm, Hy gaan Hom oor al die puinhope daar ontferm. Hy gaan die woestyngedeeltes maak soos Eden, die barre werêld soos die tuin van die Here. Daar sal vreugde en blydschap in Sion wees, daar sal gedank en gesing word.

Dag 89

Hoop: Filippense 1:20

20 Dit is my strewe en hoop dat ek nooit iets sal doen waaroor ek my sal hoef te skaam nie. Ek wil eerder, soos nog altyd, ook nou in my hele bestaan – of ek bly leef of ek moet sterf – Christus met volle vrymoedigheid verheerlik.

Genesing: Lukas 5:17

17 Eendag terwyl Jesus besig was om mense te leer, het sommige Fariseërs en leermeesters van die wet van Moses daar naby gesit. Hulle het gekom uit elke dorpie van Galilea en Judea, en ook so ver as Jerusalem. En die Here se genesende krag was sterk in Jesus aan die werk.

Restorasie: Romeine 8:28 – 30

28 En ons weet dat God alles ten goede laat saamwerk vir hulle wat Hom liefhet, hulle wat geroep is volgens sy doel vir hulle lewe. 29 Want God het hulle reeds vooruit geken, en Hy het hulle aangewys om net soos sy Seun te word. Op hierdie manier sal Christus Jesus die oudste seun wees, omring deur baie broers en susters. 30 Die wat Hy vooruit aangewys het, het Hy ook geroep. En die wat Hy geroep het Hy ook vrygespreek. En die wat Hy vrygespreek het, aan hulle het Hy heerlikheid gegee.

Dag 90

Hoop: Efesiërs 4:4

4 Dit is een liggaam en een Gees, soos julle ook geroep is in eenhoop van julle roeping.

Genesing: Psalm 30:3

3 Here, my God, ek het U aangeroep om hulp, en U het my gesond gemaak.

Restorasie: Johannes 4:24 – 26

24 God is Gees, en die wat Hom aanbid, moet Hom deur die Gees en in waarheid aanbid.” 25 Die vrou het vir Hom gesê: “Ek weet dat die Messias kom, Hy wat ook die Christus genoem word. Wanneer Hy kom, sal Hy alles aan ons bekend maak.” Toe sê Jesus vir haar: “Dit is Ek, Ek wat met jou praat.”

Dag 91

Hoop: Joël 3:16

16 En die Here brul uit Sion, en uit Jerusalem verhef y sy stem, sodat hemel en aarde bewe. Maar die Here sal 'n toevlug wees vir sy volk en 'n skuilplek vir die kinders van Israel.

Genesing: Jesaja 19:22

22 Die Here sal die Egiptenaars slaan sodat Hy hulle kan genees, en hulle sal terugkom na die Here. Hy sal luister as hulle om hulp roep en hulle gesond maak.

Restorasie: Hosea 14:5 - 8

5 Die Here sê: "Dan sak Ek julle genees van julle ontrouheid; my liefde sal geen perke ken nie, want my woede is weg vir altyd! Ek sal vir Israel wees soos verfrissende dou. Hy sal bloei soos 'n lelie. Hy sal diep in die aarde wortelskiet soos die seders van Libanon. 7 Sy takke sal uitsprei soos die sielike olyfboom, so geurig soos die plante van die Libanon. 8 My volk sal dan weer terugkeer na die veiligheid van hulle land. Hulle sal so welig groei soos koring en uitspruit soos wingerde. Hulle sal so hoog aangeskrewe wees soos die wyn van die Libanon.

Dag 92

Hoop: 2 Korinthiërs 4:1

1 Daarom, aangesien ons hierdie bediening het volgens die barmhartigheid wat ons ontvang het, gee ons nie moed op nie.

Genesing: Johannes 4:47

47 Toe hy hoor dat Jesus uit Judea in Galilea aangekom het, het hy vinnig na hom toe gegaan en Hom gesmeek om te kom en die seun te genees, want hy was reeds sterwend.

Restorasie: Jesaja 1:25 - 26

25 Ek draai teen julle. Ek sal julle smelt en die lood afskep. Al julle onsuiverhede sal Ek verwyder. 26 Daarna gee Ek aan julle goeie regters en wyse adviseurs soos julle vroeër gehad het. Dan sal Jerusalem weer genoem word, die Stad van Geregtigheid, Die Getroue Stad.

Dag 93

Hoop: Habakuk 3:17 – 19

¹⁷ Alhoewel die vyeboom nie sal bloei en aan die wingerdstokke geen vrug sal wees nie, die drag van die olyfboom sal teleurstel en die saailande geen voedsel oplewer nie, die kleinvee uit die kraal verdwyn en geen beeste in die stalle sal wees nie – ¹⁸ nogtans sal ek jubel in die Here, ek sal juig in die God van my heil. ¹⁹ Die Here Here is my sterkte, en Hy maak my voete soos die van herte; en Hy laat my tree op my hoogtes.

Genesing: Psalm 119: 92 – 93

⁹² As U gebooie nie vir my vreugde was nie, sou ek gesterf het van ellende. ⁹³ Ek sal u bevele nooit vergeet nie, want daardeur gee U my die lewe.

Restorasie: Job 8:6

⁶ as jy opreg en sonder sonde lewe, sal Hy opstaan en jou gelukkig maak in jou huis.

Dag 94

Hoop: 1 Timoteus 1:1

¹ Hierdie brief kom van Paulus, 'n apostel van Christus Jesus, aangestel op bevel van God ons Verlosser en Christus Jesus ons hoop.

Genesing: Handeling 9:40 – 41

⁴⁰ Nadat Petrus almal uitgestuur het, het hy gekniel en gebid. Toe het hy na die liggaam gedraai en gesê: “Tabita, staan op!” Sy het haar oë oopgemaak en toe sy vir Petrus sien, het sy regop gesit. ⁴¹ Hy het haar met die hand help opstaan, die weduwees en die ander gelowiges geroep en haar lewend voor hulle gebring.

Restorasie: Hebreërs 1:1 – 5

¹ Vroeër het God dikwels en op baie maniere deur die profete met ons voorvaders gepraat. ² Maar nou, in hierdie laaste dae, het Hy met ons gepraat deur sy Seun. God het Hom bestem om die erfgenaam van alles te wees; trouens, Hy het deur Jesus Christus ook die werêld en alles wat daarin is, gemaak. ³ Die Seun weerkaats God se heerlikheid, en Hy is die presiese ewebeeld van wie God werklik is. Deur sy magtige bevel hou Hy die ganse heelal in stand. Nadat Hy gesterf het om ons van sondes te reinig, het hy die posisie van eer en mag aan die regterhand van God ingeneem –die God so vol majesteit wat in die hemel woon. ⁴ Jesus Christus is oneindig groter as die engele, net soos die erenaam van Seun wat Hy gekry het, baie heerliker is as die van die engele. ⁵ God het tog nooit vir enige engel gesê wat Hy vir Jesus gesê het nie: “Jy is My Seun. Vandag het Ek jou Vader geword.”

Op 'n ander plek se God weer: "Ek sal sy Vader wees, en Hy sal My Seun wees."

Dag 95

Hoop: Handeling 23: 6

⁶ En omdat Paulus geweet het dat die een deel uit Sadduseërs en die ander uit Fariseërs bestaan, het hy in die Raad uitgeroep: Broeders ek is is 'n Fariseër, die seun van 'n Fariseër. Oor die hoop en die opstanding van die dode staan ek voor die gereg.

Genesing: Psalm 34:21

²¹ Want die Here beskerm selfs elke been. Nie een van hulle sal gebreek word nie.

Restorasie: Jesaja 11:6 – 9

⁶ Wolwe en skape sal dan saam bly, luiperds sal tussen bokkes lê, kalwers, leeus en voerbeeste sal bymekaar wees en klein seuntjies sal vir almal sorg. ⁷ Koeie en bere sal saam wei, hulle kleintjies sal bymekaar lê, leeus sal gras eet soos beeste. ⁸ Babatjies sal by die gate van adders speel, klein kindertjies sal hulle hande uitsteek na giftige slange. ⁹ Op My heilige berg sal niemand kwaad aanrig of iets verniel nie. Want die aarde sal so vol wees van die kennis van die Here soos die see vol water is.

Dag 96

Hoop: Spreuke 14:32

³² Die goddelose kom tot 'n val deur sy eie boosheid. Die regverdige het 'n toevlug wanneer hy doodgaan.

Genesing: Matteus 15: 29 – 31

²⁹ Jesus het daarvandaan vertrek en by die See van Galilea gekom. Hy het teen die berg opgegaan en daar gaan sit. ³⁰ Baie mense het na Hom toe gekom met verlamdes, blindes, gebreklikes, dowes en nog baie ander, en hulle voor Hom neergesit. Hy het hulle gesond gemaak, ³¹ sodat die menigte hulle verwonder het toe hulle sien dat stommes praat, gebreklikes herstel is, verlamdes loop en blindes seen. En hulle het die God van Israel geprys.

Restorasie: Psalm 45: 11 – 16

¹¹ Luister, o dogter, luister wat ek sê. Vergeet van jou mense en jou familie. ¹² Jou skoonheid betower die koning; hy is jou heer, hom moet jy eer. ¹³ Die dogter van Tirus sal kom met geskenke, rykes sal kom om jou guns te wen. ¹⁴ Binne wag die bruid in prag getooi. Geklee in 'n rok met goue versier. ¹⁵ Sy gaan na die koning in haar pragtige kleed. Haar vriendinne,

almal jong meisies, begelei haar na u toe. ¹⁶ Met vreugde en gejuig word hulle begelei wanneer hulle ingaan in die koning se paleis.

Dag 97

Hoop: 1 Tessalonisense 4:13

¹³ Ons wil hê, broers dat julle nie onkundig moet wees oor wat met die ontslapenes gaan gebeur nie. Dan sal julle ook nie treur nie, soos die ander mense wat geen hoop het nie.

Genesing: Matteus 28:6 – 7

⁶ Hy is nie hier nie, want Hy het opgestaan soos Hy gesê het. Kom kyk na die plek waar die Here gelê het. ⁷ en gaan haastig, sê vir sy dissipels: Hy het opgestaan uit die dode en gaan voor julle uit na Galilea. Daar sal julle Hom sien. Kyk, ek het julle dit gesê.

Restorasie: Esra 3:1 – 5

¹ Die Israeliete het hulle in hulle stede gaan vestig. Vroegherfs het die hele volk in Jerusalem bymeekaargekom. ² Jesua seun van Josadak en sy medepriesters asook Serubbabel seun van Sealtiel en sy familie het toe die altaar van die God van Israel begin herbou. Hulle wou offers daarop bring soos die wet van Moses, die man van God, voorgeskryf het. ³ Hoewel hulle bang was vir die plaaslike inwoners, het hulle die altaar weer op sy oorspronlike plek herbou. Hulle het dadelik vir die Here brandoffers op die altaar begin offer. Hulle het dit elke oggend en aand gedoen. ⁴ Hulle het ook die Huttefees gevier soos die wet van Moses voorgeskryf het. Elke dag van die fees het hulle die voorgeskrewe offer vir die dag gebring. ⁵ Na die fees het hulle voortgegaan om die gereelde brandoffers te bring. Hulle het ook die offers gebring wat met die Nuwemanfees en ook ander feeste van die Here saamgaan. Die mense het ook weer vrywillige offers vir die Here gebring.

Dag 98

Hoop: Psalm 94:18 – 19

¹⁸ Toe ek sê: "My voet gly!" het U trou my ondersteun, Here. ¹⁹ Wanneer twyfel my oorweldig, het U troos my verbly

Genesing: Handeling 9:17 – 18

¹⁷ Ananias het toe vertrek en in daardie huis ingegaan. Hy het sy hande op Saulus gesit en gesê: Broer Saul, die Here het my gestuur, Jesus wat aan jou verskyn het op pad hierheen. Hy het my gestuur sodat jy weer kan sien en met die Heilige Gees vervul kan word. ¹⁸ Onmiddelik het iets soos skille van Saulus se oë afgeval en hy kon weer sien. Hy het opgestaan en is gedoop.

Restorasie: Amos 9:11 – 12

¹¹ Daardie die dag bou Ek die vervalte hut van Dawid weer op; Ek stop sy barste toe en bou sy murasies op, Ek herbou hom soos hy in die ou tyd was, ¹² sodat my volk die oorwinnaar sal wees oor wat van Edom oor is, oor al die nasies oor wie my Naam uitgeroep is, sê die Here.

Dag 99

Hoop: Kolossense 1:27

²⁷ God het besluit om aan hulle bekend te maak hoe wonderlik die heerlijkheid van hierdie geheim vir alle volke is. Die geheim is: Christus leef in julle. Dit is die vooruitsig dat julle in die hemelse heerlijkheid sal deel.

Genesing: Psalm 6:4 – 5

⁴ My hele wese is angsbevange. Hoe lank nog, Here? ⁵ Kom terug, Here en red my. Genees my op grond van U liefde.

Restorasie: Psalm 86:4 – 7

⁴ gee tog vir my blydskap, want na U is my verlange, Here. ⁵ U is waarlike goed, Here, u vergewe. U is vol liefde vir almal wat by U hulp soek. ⁶ Luister goed na my gebed, Here, gee tog ag op my hulpgeroep. ⁷ In tye wanneer ek in nood is, sal ek U aanroep, want U sal my antwoord.

Dag 100

Hoop: Jesaja 55:10 – 11

¹⁰ Reën en sneeu kom uit die hemel en dit gaan nie daarheen terug nie. Dit maak die aarde nat om die plante te laat bot en vrugte te laat dra, sodat daar saad is om te saai en brood om te eet. ¹¹ Net so is dit met die woord wat uit my mond kom: Dit sal nie leeg na My toe terugkeer nie maar dit sal doen wat Ek verwag en die doel bereik waarvoor Ek dit gestuur het.

Genesing: Matteus 14:34 – 35

³⁴ Nadat hulle die see oorgesteek het, het hulle by Gennesaret aan wal gegaan. ³⁵ Toe die plaaslike mense dit hoor, het hulle die nuus deur die hele omgewing versprei en al hulle siekes na Hom toe gebring.

Restorasie: Josua 21: 43 – 45

⁴³ So het die Here vir Israel die hele land gegee wat Hy met 'n eed aan hulle voorouers beloof het. Hulle het die land ingeneem en hulle daar gevestig. ⁴⁴ Die Here het vir hulle vrede met almal rondom hulle gegee, soos hy plegtig aan hulle voorouers beloof het. Nie een van al hulle vyande was opgewasse teen hulle nie. Die Here het hulle gesag oor al hulle vyande gegee. ⁴⁵ Nie een van al die goeie dinge wat die Here vir Israel beloof het, het agterwee gebly nie. Elkeen van hulle het gebeur.